# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA

## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

UBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

l0c — Wednesday 28 November 1973. — WINDHOEK — Woensdag 28 November 1973. — No. 3364


CONTENTS — INHOUD — *Page/Bladsy*


;OVERNMENT NOTICE:

No. 244 Ordinance, 1973: Promulgation of ... ... ... ...

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van ... ... ... .. 1209


## Government Notice

The following Government Notice is published for ge-
:ral information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Secretary for South West Africa.*

dministrator's Office,
Windhoek.

'o. 244] [28 November 1973

ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

'The Administrator has been pleased to assent, in terms ' section 27 of the South West Africa Constitution Act, )68 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which hereby published for general information in terms of ction 29 of the said Act.

| *o.* | *Title* | *Page* |
| --- | --- | --- |
| 3 | Town Planning Further Amendment Ordinance, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 1210 |

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 244] [28 November 1973

ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:-

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
| --- | --- | --- |
| 23 | Verdere Dorpsbeplanningswysigingsordonnansie, 1973... ... ... ... ... ... ... ... ... | 1211 |

No. 23 of 1973.]

## TOWN PLANNING FURTHER AMENDMENT ORDINANCE, 1973.

*(Assented to 27 November 1973.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*
*(Date of commencement 28 November 1973.)*

# ORDINANCE

To amend the Town Planning Ordinance, 1954, in regard to the prohibition of the erection of buildings; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Substitution of section 48A of Ordinance 18 of 1954, as inserted by section 6 of Ordinance 11 of 1973.

1. The following section is hereby substituted for section 48A of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954):

"Prohibition of the erection of buildings.

48A. (1) If the Executive Committee after consultation with the board is of the opinion that the steps taken or intended to be taken in connection with the erection of a building or buildings on any land, other than for *bona fide* farming operations, form or are likely to form the nucleus of a township, it may, notwithstanding the provisions of any other law, in writing prohibit the erection of any such building or buildings on such land.

(2) Subject to the provisions of subsections (3) and (4) any person who erects any such building or buildings or causes any such building or buildings to be erected on such land in defiance of such prohibition, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months.

(3) Whenever the Executive Committee has in terms of subsection (1) prohibited the erection of a building or buildings on land, any person who wishes to erect such building or buildings on such land shall apply to the Executive Committee for permission to do so and the Executive Committee shall refer such application to the board for consideration.

(4) After consideration and after such inquiry or inspection as the board may deem necessary, the board shall report to the Executive Committee on the application or on any matter connected therewith which it may deem necessary to bring to the notice of the Executive Committee and the Executive Committee may refuse or grant such application whether unconditionally or subject to such conditions as it may in its discretion prescribe, and its decision shall be final.

No. 23 van 1973.]

VERDERE DORPSBEPLANNINGSWYSIGINGS-ORDONNANSIE, 1973.

*(Goedgekeur 27 November 1973.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*
*(Datum van inwerkingtreding 28 November 1973.)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954, betreffende die verbod op die oprigting van geboue; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Vervanging van artikel 48A van Ordonnansie 18 van 1954, soos ingevoeg deur artikel 6 van Ordonnansie 11 van 1973.

1. Artikel 48A van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Verbod op die oprigting van geboue.

48A. (1) As die Uitvoerende Komitee na oorleg met die raad meen dat die stappe wat gedoen is of beoog word in verband met die oprigting van 'n gebou of geboue op enige grond, buiten vir *bona fide* boerderybedrywighede, die kern van 'n dorp uitmaak of waarskynlik sal uitmaak, kan hy nieteenstaande die bepalings van enige ander wet, die oprigting van enige sodanige gebou of geboue op sodanige grond skriftelik verbied.

(2) Behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4) is enigiemand wat enige sodanige gebou of geboue in weerwil van sodanige verbod op sodanige grond oprig of laat oprig, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(3) Wanneer die Uitvoerende Komitee ingevolge subartikel (1) die oprigting van 'n gebou of geboue op grond verbied het, moet enigiemand wat sodanige gebou of geboue op sodanige grond wil oprig, by die Uitvoerende Komitee om verlof daartoe aansoek doen en die Uitvoerende Komitee verwys so 'n aansoek na die raad ter oorweging.

(4) Na oorweging en na sodanige ondersoek of inspeksie soos die raad nodig vind, doen die raad by die Uitvoerende Komitee verslag oor die aansoek of oor enige aangeleentheid in verband daarmee wat hy nodig ag om onder die Uitvoerende Komitee se aandag te bring en die Uitvoerende Komitee kan sodanige aansoek afwys of toestaan hetsy onvoorwaardelik of onderhewig aan sodanige voorwaardes soos hy na goeddunke bepaal, en sy beslissing is afdoende.

TOWN PLANNING FURTHER AMENDMENT ORDINANCE, 1973.

(5) Whenever the Executive Committee has in terms of subsection (1) prohibited the erection of a building or buildings on land, a copy of such prohibition shall be lodged with the Registrar of Deeds who shall cause a note of such prohibition to be made in his registers and to be endorsed on the office copy of the title deed concerned, and if at any time the original of such title deed is lodged in his registry for any purpose, he shall cause a similar note to be endorsed thereon.

(6) Every prohibition that has before the deletion of section 22 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) in terms of subsection (1) of that section been imposed on the owner or lessee of land whereby the erection of a building or buildings on such land is prohibited shall be deemed to be a prohibition against the erection of such building or buildings imposed in terms of subsection (1) of this section."

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Town Planning Further Amendment Ordinance, 1973.

VERDERE DORPSBEPLANNINGSWYSIGINGS-ORDONNANSIE, 1973.

(5) Wanneer die Uitvoerende Komitee ingevolge subartikel (1) die oprigting van 'n gebou of geboue op grond verbied het, moet 'n afskrif van sodanige verbod ingedien word by die Registrateur van Aktes wat 'n aantekening van sodanige verbod in sy registers moet laat maak en laat endosseer op die kantoorafskrif van die betrokke titelbewys, en as die oorspronklike van sodanige titelbewys te eniger tyd in sy aktekantoor vir enige doel ingedien word, moet hy 'n soortgelyke aantekening daarop laat endosseer.

(6) Elke verbod wat voor die skrapping van artikel 22 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) ingevolge subartikel (1) van daardie artikel op die eienaar of huurder van grond geplaas is waardeur die oprigting van 'n gebou of geboue op sodanige grond verbied word, word geag 'n verbod te wees wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel geplaas is op die oprigting van sodanige gebou of geboue op sodanige grond.".

2. Hierdie Ordonnansie heet die Verdere Dorpsbeplanningswysigingsordonnansie, 1973. Kort titel.